Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 38 | 12 Augustus 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

" Being creative is not a hobby; it is a way of life."

~ Danielle Benich~

PITKOS

Goeie en doeltreffende ouerskap is altyd 'n uitdaging, ook in 'n tyd sonder 'n pandemie. Nou is die kat egter in die duiwehok en ouers het baie raad en begeleiding nodig. Hier is 'n paar baie praktiese wenke wat elke dag **geleef** kan word: "hande en voete" vir 'n pandemie-tyd soos nou.

1. Maak tyd vir goeie kommunikasie

In 'n tyd soos hierdie kan ons so maklik verval om 'n permanente raadgewer te wees. Onthou altyd dat goeie kommunikasie met luister begin. Maak tyd daarvoor. Wees intensioneel daarmee. Jongmense loop met baie opgekropte emosies en baie daarvan is ongelukkig negatief. Hulle ly erge verliese in hierdie tyd en iemand moet luister. Pa en Ma, mag dit jy wees wat in hierdie ongewone, onsekere tye die luisteraar sal wees. Luister na jou kinders... wat is hulle werklike behoeftes en wat pla hulle? Indien 'n oor wat luister en verstaan afwesig is, kan die alledaagse uitdagings vir kinders te veel word.

2. Maak jou huis 'n lekker plek

Dit is veronderstel om altyd so te wees. Nou is dit belangriker as ooit, aangesien daar beperkings op sosiale byeenkomste en partytjies is. Die mens is tog immers 'n sosiale wese! Raak kreatief in jou huis en gaan gereeld uit as gesin om net die roetine te breek wat sieldodend kan wees in 'n lang pandemie-tyd. Organiseer pret en lekker tye SAAM vir jou gesin. Beplan lekker geleenthede, sodat almal veilig kan wees en veilig kan bly, in hierdie tyd.

We didn't realize we were making MEMORIES,

we just knew we were having FUN.

3. Beperk tegnologie

Elke huis moet in hierdie pandemie-tyd 'n streng beleid rakende die gebruik van tegnologie hê. Tegnologie neem ons lewens oor en tydens die pandemie gaan tegnologie swak verhoudings net verder verdiep.

Kinders word heeltemal te veel, en vir te lank, aan skerms blootgestel (selfs nou vir skoolwerk!). Hulle moet gehelp word om daarvan weg te kom. Baie van hulle se brein is reeds ooreis en die negatiewe spannings-hormone verhoog en versnel as gevolg van oormatige gebruik van tegnologie en skerms. Te veel jongmense is agter toe kamerdeure besig met skerms en die meeste van die tyd is dit ongekontroleerd. Pa en Ma, stel asseblief die voorbeeld deur self tyd weg van die skerm deur te bring.

I'm determined to set an example
of how we can unplug from our technology
and plug into our physical life more often.

In die moderne lewe is besig-wees aan die orde van die dag en in sekere kringe selfs 'n status-simbool. Die pandemie het tot 'n sekere mate die tempo stadiger gemaak. Is dit nie 'n geleentheid om ons nader aan mekaar te bring nie?

Families kan tog meer tyd saam spandeer, ons moet net die gehalte daarvan bepaal. Familie-tradisies kan weer gekweek en verstewig word. 'n Gevoel van "ek is belangrik", trots en sekuriteit kan weer gevestig word.

The greatest gift you can give someone is your TIME.
Because when you dedicate your time, you are offering a part of your life
that you will never get back.

AANSOEKE GRAAD 8 EN GRAAD 1 – 2022

- **Graad 8 (2022) aansoeke**
  Reeds oop
  Sluit 00:00 op 03 September 2021

  Ouers doen aanlyn aansoek ingevolge departementele riglyne by: www.gdeadmissions.gov.za

➢ *Ouers wat probleme ondervind kan die volgende kontakbesonderhede gebruik: gdeinfo@gauteng.gov.za of skakel 0800 000 789 | 011 355 0000*

- **Graad 1 (2022) aansoeke**
  Open 08:00 op 13 September 2021
  Sluit 00:00 op 08 Oktober 2021

  Die skool sal mettertyd verder met voornemende Graad 1 ouers kommunikeer.

GHOLFDAG: 17 SEPTEMBER 2021 - MODDERFONTEIN GHOLFBAAN

Ons herinner ouers aan die Gholfdag wat oor 'n paar weke plaasvind. Ons benodig asseblief u hulp. Vele hande maak ligte werk!

Daar is nog vier-balle beskikbaar teen R2 300.00 per vierbal. Ouers se ondersteuning sal opreg waardeer word. **U kan ook ons webwerf besoek vir meer inligting en kostes, en aanlyn-besprekings kan ook gedoen word by** www.riebie.co.za. Stuur asseblief die besonderhede van u borgskap [wat u neem (borgskap/vierbal), totale bedrag, volle besonderhede vir faktuur en besprekings-doeleindes] na golf@riebie.co.za. Merk dit asseblief duidelik: Riebies **Gholfdag 2021.**

Vir enige navrae, stuur gerus 'n e-pos na golf@riebie.co.za.

WAT IS ‘N BOELIE EN DIE PROSES VIR DIE AANMELDING VAN BOELIES

Wanneer iemand iets lelik sê of doen…
Dit is Lelik
Wanneer iemand aspris iets lelik sê of doen…
Dit is Mislik

Wanneer is iemand ‘n boelie?

Wanneer iemand herhaaldelik, aspris, iets lelik sê of doen, al vra jy dat hy of sy moet stop…
Dit is Boelie

Die protokol wat gevolg moet word om boelie-gedrag aan te meld:

1. Leerders wat gedurende skoolure geboelie word moet die boelie-gedrag by hul registeronderwyser gaan aanmeld.

2. Die registeronderwyser moet die boelie-gedrag in die Graad boelie-boek aanteken.

3. Leerders wat gedurende pouse, of gedurende sport- en/of kultuuraktiwiteite geboelie word, moet die boelie-gedrag by die personeellid wat op diens is, of by die sport- en/of kultuur-afrigter gaan aanmeld.

4. Die personeellid wat op diens is, of die sport- en/of kultuur-afrigter moet die boelie-gedrag in die Graad boelie-boek aanteken.

5. Wanneer ‘n leerder se naam meer as eenkeer in die boelie-boek verskyn, moet die Graadhoof die boelie-boek na Mev. A. Mulder (dogters) en Mnr. W. Bester (seuns) toe stuur.

6. Indien die boelie-gedrag ‘n baie ernstige geval is, sal dit onmiddellik deur personeel by Mev. A. Mulder of Mnr. Bester aangemeld word.

7. Boelie-gedrag word ondersoek. Verslae rakende die boelie-gedrag word of mondelings afgeneem (vir leerders in die Grondslagfase) of deur leerders (in die Intersenfase) self geskryf, en daarna word terugvoering aan die betrokke leerders se ouers gegee of indien nodig, word afsprake gemaak om die betrokke leerders se ouers te ontmoet.

8. Leerders word volgens die dissipline-stelsel gestraf.

Dit is baie moeilik om boelie-gedrag te hanteer indien dit nooit aangemeld of onder personeel se aandag gebring word nie.

ONTHOU DIE GOUE-MENSE-REËL: “Behandel ander soos jy behandel wil word.”

“Tell me and I forget,
Teach me and I may remember,
Involve me and I learn.”

~ Benjamin Franklin ~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

KRIEKET

Alle seuns is welkom om die oefening by te woon. Bring asseblief, indien moontlik, jou eie krieketbal-en toerusting. Krieket-toerusting sal, sover moontlik, voorsien word.

Oefentye as volg:

Maandae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9A en 0/10	15:15 – 16:15
Dinsdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15
Woensdae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9 A en 0/10	15:15 – 16:15
Donderdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15

Die 1ste span en O/11A-span sal aan die Rynfield Festival deelneem, wat vanaf 16 Augustus 2021 – 26 Augustus 2021, by Laerskool Rynfield gaan plaasvind.

17 Augustus 2021		19 Augustus 2021	
0/11A vs Laerskool Rynfield	15:00	0/11A vs Rynfield Primary School	14:00
1ste vs Laerskool Rynfield	17:00	1ste vs Rynfield Primary School	16:00

Bepalings vir die week van 23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021 sal in volgende week se nuusbrief beskikbaar wees.

LIGA-WEDSTRYDE: Die spesifieke dag waarop wedstryde gaan plaasvind sal aan ouers op die WhatsApp-groepe gekommunikeer word.

16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	1ste Span
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	
1 September 2021	DORPSPROEWE (Inligting sal volg)	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	

23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	2de Span
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs Maranatha	
13 September 2021 – 17 September 2021	BYE	
20 September 2021 – 23 September 2021	L/S VRP vs Tembisa	
27 September 2021 – 1 Oktober 2021	FINALE	
16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	3de Span
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Solid Foundation	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/11A
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
6 September 2021 – 10 September 2021	BYE	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/11B
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Maranatha	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/10A
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	
16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/10B
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs Curro	
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	

16 Augustus 2021 – 20 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/9A
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	

MINI-KRIEKET

Proewe

Mini-krieket proewe sal op **13 Augustus 2021, gedurende skoolure, plaasvind**. Seuns moet in hul LOV-kleredrag skool toe kom. Na afloop van die proewe sal 'n oefengroep saamgestel word. Die seuns wat vir die oefengroep gekies word, sal ook 'n skrywe met verdere inligting ontvang.

Oefentye

Seuns wat vir die mini-krieket oefengroep gekies is, sal vanaf 18 Augustus 2021 met oefening begin.

Dinsdae en Donderdae

O/7 en O/8	13:30 – 14:00
O/9B	13:45 – 14:15

TENNIS

Oefentye is soos volg:

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)

Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

Onthou om jou waterbottel en tennisraket saam te bring. Leerders mag hul LOV-drag dra.

HOKKIE

Dogters oefentye

Maandae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Dinsdae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15
Woensdae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Vrydae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15

Seuns hokkie-proewe

Hokkie-proewe vir seuns wat wil hokkie speel, sal op **18 Augustus 2021 vanaf 14:15 – 15:15** plaasvind. Alle Graad 6 en Graad 7 seuns is welkom om die proewe by te woon. Seuns moet asseblief, sover moontlik, hul eie hokkiestok en waterbottel saambring.

LANDLOOP

Oefentye as volg:

Maandae – Donderdae	14:15 – 15:00

Kultuur

REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders met hul top prestasies tydens die ATKV Redenaars Kompetisie.

Gauteng plekke verower:

Graad 1 – Graad 3
Amika Theron 1ste
Elzaan Fourie9de

Nasionale plekke verower:

Graad 1 – Graad 3
Amika Theron 4de
Elzaan Fourie17de

Graad 6 en Graad 7
Tertius van der Walt 24ste
Nathan Wasserfall 89ste

ALGEMEEN

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 16 AUGUSTUS 2021 – 20 AUGUSTUS 2021

MAANDAG	BOEREWORS ROLLETJIES	VRUG / SAP
DINSDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	KERRIE MAALVLEIS EN RYS	VRUG / SAP
DONDERDAG	GEVULDE VETKOEK	BROODJIE & SAP
VRYDAG	HOENDER A'LA KING	SKYFIES / VRUG / SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***